KAPITAALMOBILISERING

TOEKOMSBERAAD – 10 OKTOBER

Voorsitter: Henk Schalekamp
Medewerkers: Dirk Hermann, Appie Pienaar, Tjaart van der Westhuizen, William Waugh en Johan Nel

1. Inleiding

Kapitaalmobilisering se jongste "verskynsel" is sogenaamde skarefinansiering. Dit word gebruik in gevalle waar entrepreneurs hulle besighede en planne wil befonds deur skares mense wat die plan ondersteun. Dit is uiters kragtig en sodoende het daar reeds talle suksesvolle projekte ontstaan. Om kapitaal deur gemeenskappe te mobiliseer is 'n soortgelyke oefening en glad nie nuut nie; trouens, in sy geskiedenis het die Afrikaner reeds 'n 'n paar keer daarin geslaag.

Behalwe al die spesifieke gevalle soos byvoorbeeld die befondsing van Kinderstrand-geboue deur pannekoek-aksies was daar reeds drie reusepogings die afgelope 100 jaar. Die eerste poging was die Helpmekaar Beweging wat in 1916 tot stand gekom het om die skuld van die rebelle te betaal. Daarbenewens het onder andere Sanlam en Santam uit die Beweging ontstaan en studiefondse is ook gestig. Die tweede groot aksie was die Reddingsdaadbond in 1939 en die stigting van Federale Volksbeleggings. Dit het instellings soos die AHI en verskeie nywerhede tot gevolg gehad en 'n reusebydrae tot die ontwikkeling van die ekonomie van Suid-Afrika sowel as die finansiële bemagtiging van Afrikaners gelewer.

Die derde groot kapitaalmobilisering die afgelope 100 jaar is die Solidariteit Beweging. Dit bestaan uit 'n verskeidenheid projekte met miljoene rande wat gemobiliseer word. In die res van hierdie verslag gaan ons in meer detail daaroor uitwei. Die Solidariteit Beweging put opnuut krag uit die goeie van die Afrikaner se verlede en bou daarop 'n toekoms in 'n nuwe tyd met nuwe uitdagings.

2. Waarom is die mobilisering van kapitaal noodsaaklik?

Soos reeds gesê het Afrikaners reeds vroeg in die twintigste eeu, toe die gemeenskap geen mag gehad het nie, besluit om hulleself deur kapitaalmobiliseringsprojekte op te hef. Sodoende het Afrikaners reeds op hulle voete begin kom deur instellings daar te stel voordat hulle enige mag gehad het oor die staat. Met republiekwording in 1961 was die Afrikanergemeenskap reeds weer goed gevestig en bemagtig nadat hulle alles vroeër die eeu verloor het.

Na republiekwording het Afrikaners die mandaat van hierdie privaat gemeenskapsinisiatiewe as verantwoordelikheid van die staat oorgedra en ook talle instellings óf onder die staat se beheer geplaas óf tot stand gebring binne die openbare omgewing waar die staat die verantwoordelikheid vir die uitvoer van die mandaat gehad het. Die Afrikaner se nasionalistiese ideaal van vryheid deur beheer oor ŉ eie staat het vir 33 jaar gehou, waarna Suid-Afrika in 1994 weer ŉ politieke omwenteling ondergaan het en die beheer van die staat in die hande van die ANC gekom het. In ŉ paar jaar is die Afrikaner ontneem van beheer oor alle openbare instellings. Ofskoon dit nie aanvanklik gevoel is nie, het vervreemding van Afrikaners met hierdie instellings toegeneem tot waar ons vandag byna geen beheer of toegang tot hierdie voormalige gemeenskapsinstellings het nie. Dit is onder beheer van die ANC-regering en lyk vandag ook toenemend meer soos die ANC se gemeenskap.

Die verlies was dramaties en die Afrikaner kry steeds swaar as gevolg van die gebrek aan gedeelde ideale vir ŉ Afrikanergemeenskap wat vry, veilig en voorspoedig is. Die visie van Flip Buys om weer deur Solidariteit ŉ moderne Helpmekaar Beweging tot stand te bring het reeds laat in die negentigs van die vorige eeu begin vorm aanneem, en vandag is dit ŉ kragtige beweging wat miljoene rande se gemeenskapskapitaal mobiliseer.

Dit is noodsaaklik om kapitaal te mobiliseer en instellings in die private omgewing in die hande van die gemeenskap te hou, indien die Afrikaner na sy gemeenskap wil omsien. Niemand gaan die Afrikaner help nie, en die Afrikaner het ook nie nodig dat iemand na sy gemeenskap se belange omsien nie. Om dit as gemeenskap self te doen moet daar weer op groot skaal kapitaal gemobiliseer word vir die ontwikkeling van oplossings. Dit is wat die Solidariteit Beweging doen en hy doen dit tot voordeel van en in belang van sy gemeenskap.

Die Solidariteit Beweging-plan

Die Solidariteit Beweging bestaan nie net uit een inisiatief nie, maar daar is ŉ verskeidenheid van maniere waarop die kapitaal deur instellings gemobiliseer word. Die een groot kenmerk is dat dit in meeste gevalle nie groot bedrae geld is wat gemobiliseer word nie, maar baie bietjies wat saam ŉ indrukwekkende vermoë skep.

2.1. Solidariteit Beleggingsmaatskappy

Solidariteit Beleggingsmaatskappy (SBM) se rol is om deur sy maatskappye en verwante entiteite kapitaal sodanig te mobiliseer om aan die lede van die Beweging en die gemeenskap toegang te bied tot finansiëledienste-produkte, tegniese opleiding en hoër onderwys. Terselfdertyd is SBM verantwoordelik vir die besit van die Beweging se eiendom, sowel as die uitbou en onderhoud van die Beweging en die Kampus Trust se eiendom.

Dit is SBM se doel om finansiële volhoubaarheid te bewerk in die onderskeie besighede en instellings waarvoor SBM verantwoordelik is. Die opbrengste word nie aan aandeelhouers uitgekeer nie, maar weer teruggeploeg in die instellings om sodoende groei te versnel.

Danksy hul sukses lewer die finansiëledienste-besighede jaarliks groot bydraes tot die ander nuwer entiteite. Die sukses is as gevolg van die noue samewerking wat daar bestaan tussen die Beweging, die lede van die beweging en die groter Afrikanergemeenskap. Finansiële produkte soos Solidariteit Motor en Huisinhoud-versekering en Virseker word aan die lede en gemeenskap bemark en die opbrengs daarop weer teruggeploeg.

Solidariteit Finansiële Dienste dra jaarliks nagenoeg R8 miljoen tot hierdie inisiatiewe by. Daarmee saam genereer die Virseker Trust tans R5,5 miljoen wat ook aan opleiding in Afrikaans beskikbaar gestel word. Beide hierdie entiteite genereer hulle opbrengs hoofsaaklik uit korttermyn-versekeringspolisse wat bemark word aan die Beweging se lede en die groter gemeenskap. Solidariteit Finansiële Dienste lewer ander finansiëleadvies-dienste wat die korttermyninkomste verder ondersteun. Die beplanning is om hierdie bydraes teen 2020 te verdubbel, wat ŉ totale bydrae van R27 miljoen rand per jaar tot gevolg sal hê.

Ons is reeds besig om ’n tussentydse oplossing vir Akademia ten opsigte van ’n kampus daar te stel met die aankoop van ’n eiendom in die Kampus Trust vir ’n bedrag van R20 miljoen. Hierdie fondse is ook deur die gemeenskap en instellings van die Solidariteit Beweging geskenk.

Ons beplanning toon egter dat daar in lyn met die groei wat ons voorsien in beide Sol-Tech en Akademia ’n behoefte in 2020 gaan wees aan ’n groter meer permanente tuiste met genoeg spasie vir groeipotensiaal. Dit is ’n projek op die langer termyn met ’n geskatte waarde van ten minste R150 miljoen.

Met die volgehoue fokus van SBM en die ondersteuning van die lede van die Beweging en die gemeenskap voorsien SBM positiewe groei vir die volgende vyf jaar wat direk daartoe sal bydrae om geleenthede te skep wat die potensiaal van die Afrikanergemeenskap sal ontsluit.

2.2. Helpende Hand

Solidariteit Helpende Hand (SHH) se visie is die aanspreek van Afrikaner-armoede deur dit te verlig, voorkom en te verbreek. SHH mobiliseer op verskeie maniere kapitaal om hierdie visie te verwesenlik.

Die korttermynverligting van armoede behels die voorsiening van basiese behoeftes soos voeding, kleding, behuising en soms basiese mediese sorg. Die SHH nasionale taknetwerk van nagenoeg 130 takke hanteer weekliks projekte waarvoor borge en geldelike bydraes by die publiek en organisasies bekom word. Wanneer groot projekte soos tydens die onlangse platinumstaking plaasvind, word die publiek en netwerkvennote gemobiliseer om deur middel van produkte, dienste en geldelike bydraes die projek uit te voer. In die geval van die platinumstaking is meer as R2 miljoen se produkte ingesamel en deur die SHH-struktuur versprei.

SHH probeer armoede voorkom met behulp van verskeie projekte deur produkte, dienste en ondersteuning op verskeie terreine. Die Studiefondssentrum (SFS) stel rentevrye studielenings beskikbaar aan studente om te studeer. Die SFS het reeds sowat R73 miljoen aan 4 500 studente in die vorm van studielenings beskikbaar gestel. Die SFS se kapitaal word geskep deur die stig van nuwe studiefondse, die volgehoue skenking deur bestaande studiefondsdonateurs asook die terugvordering van studielenings van studente wat suksesvol afgestudeer het.

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) bied ondersteuning aan skole op verskeie terreine. Die jaarlikse nasionale Tassieprojek het reeds nagenoeg 25 000 tassies onder behoeftige graad 1-leerlinge voorsien. Die nasionale Kosblikkieprojek bedien jaarliks bykans 5 000 behoeftige kleuters met gesonde voeding by hul kleuterskole. Die SOS se Vereniging vir Afrikaanse Wiskundeonderwysers (VAW) en die Genootskap vir Regte Afrikaanse Taal-onderwysers (GeRAT) bied Wiskunde en Afrikaanse kursusse, klubs, eendagseminare en 'n winterskool aan ter bevordering en ondersteuning van Wiskunde en Afrikaanse onderrig in skole. Die SOS ontwikkel produkte van wêreldgehalte soos 'n Afrikaanse lees-app vir voorskoolse kinders, Wiskunde-e-handboek, Wiskunde-app en "Die Markplein" waar onderwysers vraestelle vir Wiskunde en Afrikaans (as vak) onder mekaar kan verhandel.

SHH se hoofbron van inkomste bestaan uit sy vermoë om maandelikse debietorderondersteuners tot sy groep van 32 000 ondersteuners by te voeg. Eenmalige algemene of spesifieke skenkings maak sowat 10% van SHH se jaarlikse inkomste uit. SHH asook die SFS ontvang ook sporadies testamentêre bemakings. SHH het ook 'n uitgebreide veldtog geloods om skenkings uit die buiteland te bekom deur www.expatcares.com .

SHH beplan om tot en met 2020 die maandelikse debietorder-ondersteunersgetalle tot 60 000 ondersteuners op te stoot. Die SFS beplan om industrieë wat nog nie verteenwoordig is nie vir uitbreiding van die studiefondse te teiken. Bemakings aan die SFS vir bepaalde studierigtings sal verwelkom word. Die SFS beplan om in 2020 R40 miljoen jaarliks beskikbaar te stel vir rentevrye studielenings en om oor 'n totale studiefondswaarde van R160 miljoen te beskik.

Die VAW en GeRAT beplan om in 2020 elk 1 500 Afrikaanse onderwysers as lede te hê, met projekte van nagenoeg R5 miljoen elk. Die SOS beplan om 'n loopbaansentrum tot stand te bring wat nagenoeg R1,5 miljoen sal kos. Die sentrum gaan die volgende insluit: WerkNet, Loopbaan-app., alle toetse (ook IK), arbeidsburo, veral vir vroeë skoolverlaters met opleiding en plasing by werkgewers, loopbaan-"roadshows", vaardigheidsuitbreiding (veral vir laaggeskooldes), internskappe, "gap-jaar" in die Solidariteit Beweging, NBT-toetsopleiding, Afrikaner-vriendelike werkgewers, en 'n LO-onderwysersvereniging.

SHH beplan die totstandkoming van 'n ouetehuis of dienssentrum vir bejaardes in die Wes-Kaap met 'n projekwaarde van ongeveer R4 miljoen.

SHH in samewerking met Akademia beplan opleiding vir onderwysers. Dit sluit in Wiskunde 1 en 2 in die B.Com Ondernemingsbestuur-kursus en die NGOS-onderwysdiploma. Die voorsiening van onderwysers van gehalte is sentraal binne die fokus van SHH, asook die voorkoming van armoede deur goeie skoling en tersiêre opleiding.

2.3. AfriForum

Kapitaalmobilisering by AfriForum is hoofsaaklik in die vorm van maandelikse debietorderwerwing. Daar word ook binne gemeenskappe fondse en mense gewerf om projekte wat 'n verskil in die gemeenskap self maak te befonds en uit te voer. Die debietorderwerwingstrategie bied aan AfriForum en sy betrokke takke en gemeenskappe 'n volhoubare model vir die mobilisering van kapitaal en besteding en toekomsbeplanning binne die bepalings van ons burgerregtemanifes. Voorbeelde van kapitaalmobilisering in AfriForum behels:

- Maandelikse debietorders
- Jaarlikse debietorders
- Eenmalige bydraes
- Nie-kontantbydraes
- SMS-skenkingsprojekte

Maandelikse en jaarlikse debietorders word deur ons Dienssentrumpersoneel telefonies gewerf. Die werwing is gebaseer op veldtogte wat op nasionale sowel as takvlak geloods word waar die publiek die geleentheid kry om maandeliks tot 'n betrokke burgerregtesaak by te dra. Hierdie bydraes is vrywillig met 'n minimum bedrag van R30 per maand. Meeste individue dra aanvanklik by as gevolg van 'n veldtog wat in sy gemeenskap of nasionaal geloods is, maar bly gewoonlik aanhou bydra weens die suksesse wat hulle aanvanklike bydraes bewerkstellig het. Dit skep volhoubare kapitaal om deurlopend gemeenskaps- en nasionale projekte te befonds wat die burgerregte van ons lede bevorder en in stand hou. Die maandelikse finansiële omvang daarvan is tans ongeveer R10 miljoen.

In baie gevalle is daar individue of besighede wat eenmalige bydraes maak uit waardering vir die werk wat deur AfriForum gedoen is of ter ondersteuning van werk wat in die toekoms gedoen gaan word. Daar word ook spesifiek tot

gemeenskapsprojekte bygedra waar AfriForum 'n bepaalde mandaat het om spesifiek geprioritiseerde projekte aan te pak met die finansiële bydraes wat gelewer is. Hierdie projekte word tipies deur die betrokke gemeenskap geïdentifiseer en tot voordeel van daardie gemeenskap uitgevoer.

Kapitaal word ook deur middel van nie-kontantbydraes gemobiliseer waar daar dienste of goedere geskenk word om projekte spesifiek binne gemeenskappe te finansier. 'n Voorbeeld hiervan is 'n verskaffer van teer wat 'n donasie maak om slaggate in 'n gemeenskap te herstel. Hier word per omvang van die betrokke projek ingesamel.

SMS-kortkodes word ook gebruik om gemeenskappe regoor die land die geleentheid te bied om eenmalig tot 'n bepaalde projek by te dra. Tipies sal daar 'n R10-sms gestuur word om 'n projek te ondersteun. Voorbeelde hiervan is die "Hou Godsdiens in Skole"-veldtog wat nasionaal aangepak is. Alhoewel slegs ses skole geteiken is deur diegene wat godsdiensonderrig in skole wil verbied, is daar van regoor die land boodskappe ter ondersteuning van die veldtog gestuur omdat dit almal kan raak indien die hofaksie van AfriForum onsuksesvol sou wees.

Op plaaslike vlak is daar projekte vir veelvoudige sms-donasie geloods waardeur brandfondse gestig is, fondse vir die opvul van slaggate verkry is, en nog vele meer. Gemeenskappe, deur hul takstrukture, bepaal gewoonlik waarvoor die projek geloods word om te verseker dat die geld binne hul betrokke gemeenskappe bestee word. Tot dusver is die gemiddelde kapitaalmobilisering van so 'n projek in die omgewing van R20 000 per projek.

2.4. Solidariteit en die Boufonds

Solidariteit se droom is 'n goeie werk vir sy lede. Solidariteit beywer hom dus vir die beskerming en verbetering van sy lede se lewe van werk. Dit geskied deur 'n verskeidenheid van dienste en inisiatiewe. Ledegeld wat die vakbond van sy lede ontvang, word aangewend om hierdie ideaal te verwesenlik.

Solidariteit se Boufonds was vroeër bekend as die 'Groeifonds'. Die benaming is verander na die 'Boufonds' omdat ons juis die klem wou plaas op die ware aard, die *bou*-karakter, van hierdie fonds. Die fonds het ten doel om ons lede en die gemeenskappe waarbinne ons lede hulle bevind, se belange op maatskaplike, intellektuele, opvoedkundige en kulturele gebied te beskerm en uit te bou.

Die Boufonds word bestuur deur 'n subkomitee van Solidariteit se Hoofraad wat maandeliks terugvoer gee aan die Hoofraad. Die Boufonds word ook jaarliks deur onafhanklike ouditeure geouditeer en hierdie ouditeure doen verslag aan die nasionale vergadering.

Mobilisering van kapitaal

Die Hoofraad van Solidariteit het toestemming verleen dat lede maandeliks 'n bedrag van R10 tot die Solidariteit Boufonds bydra. Hierdie bydraes is tans die Boufonds se hoofbron van inkomste en beloop sowat R16 miljoen per jaar.

Bykomend tot die gereelde maandelikse bydraes van ons lede, is daar ook 'n debietorderstelsel waar persone wat nie noodwendig die normale dienste van 'n vakbond verlang nie, as Boufondslede kan aansluit. Sodoende kry die algemene publiek wat Solidariteit se projekte ondersteun, die geleentheid om 'n bydrae te maak.

Die Boufonds ontvang ook eenmalige donasies.

Aanwending van kapitaal

Die Boufonds se kapitaal word jaarliks volgens 'n begroting aan 'n verskeidenheid projekte toegedeel. Daar is heelwat suksesverhale, waaronder die volgende:

- Die oprigting van Sol-Tech, ons tegniese opleidingskollege wat tans sowat 1 000 studente in verskillende fases van opleiding het, en wat finansieel selfstandig bedryf word. Die Boufonds is steeds betrokke by die uitbou van die opleidingskapasiteit, maar hoef nie meer tot die bedryfsbegroting by te dra nie.
- Die oprigting van Akademia, ons privaat universiteit. Hoewel nog in sy kinderskoene, groei Akademia met rasse skrede met betrekking tot sowel die aantal studente as die aantal kursusse wat aangebied word.
- Die oprigting van 'n fonds om 'n kampus vir Akademia op te rig.
- Die oprigting van Maroela Media, ons web-gebaseerde nuusdiens en Afrikaanse kuierplek. Maroela Media het oor die afgelope drie jaar ongekende groei ervaar en is tans een van die grootste Afrikaanse digitale platforms.
- 'n Beursfonds wat deur Solidariteit Helpende Hand bestuur word en waardeur ons lede se kinders ondersteun word om hulle verder te bekwaam.

- Die finansiële ondersteuning van bestaande instellings wat werksaam is in die Afrikaanse leefwêreld. Hiervan is die belangrikste die FAK, Pretoria FM en die Erfenisstigting.
- Eenmalige projekte om Solidariteit uit te bou en volhoubare groei te verseker. In 2015 het die Boufonds die skep van Solidariteit Wêreld, ons digitale platform, ondersteun. Hierdie platform is 'n groot sukses en die maandelikse besoeke van ons lede en van die algemene publiek het skerp gestyg sedert die platform vroeër vanjaar geloods is.

2.5. Bemakings

Solidariteit moedig sy lede en die breër gemeenskap aan om die aksies en verskillende instellings by wyse van bemakings te ondersteun. Die Solidariteit Beweging het vroeër vanjaar 'n skenking van sowat R50 miljoen van 'n individu ontvang waarvan die opbrengs vir onder meer opleiding en erfenisbewaring bestem is.

Solidariteit Helpende Hand met sy fokus op die verbreking van armoede deur opleiding het reeds sowat R12,4 miljoen in die vorm van erflatings ontvang en daar is minstens 14 toekomstige erflatings waarvan ons bewus is. Sedert 2010 het Solidariteit Helpende Hand reeds sowat R190 miljoen aan skenkings, hetsy eenmalig of per maandelikse debietorder, ontvang. Hierdie fondse maak 'n enorme bydrae tot die opleiding van ons jeug deur aksies soos die opleiding van onderwysers en die beskikbaarstelling van studielenings vir Afrikaanse studente wat nie elders finansiering kan bekom nie.

Persone wat Solidariteit se werk wil ondersteun deur middel van erflatings kan Solidariteit se Dienssentrum skakel by 0861 25 24 23, waarna ons regsafdeling behulpsaam kan wees met die betrokke reëlings.

3. Samevatting

'n Druppel kan kwalik 'n mens se dors les, maar wanneer druppels in die vorm van reën kom dan word die riviere vol en nuwe lewe spruit daaruit voort. Dit is ook so wanneer mens 'n maandelikse bydrae van R10 tot R100 beskikbaar het om tot hierdie moderne Helpmekaar Beweging by te dra. 'n Individu kan met betrekking tot die sake wat die Solidariteit Beweging bedryf nie veel regkry nie, maar wanneer honderdduisende mense se klein bydraes bymekaar getel word dan skep mens

reën van tienrande en sodoende begin mens om instellings te vestig met die doel om die gemeenskap by te staan in die lewering van belangrike dienste.

Tans mobiliseer die Solidariteit Beweging reeds meer as R500 miljoen per jaar deur alles wat hy doen. Teen 2020 beplan die Beweging om meer as R900 miljoen per jaar te mobiliseer deur verskeie inkomstestrome soos ledegeld, besigheidsinkomste, skenkings en inkomste deur opleidingsinisiatiewe. Hierdie mobilisering sal van 2015 tot 2020 in totaal meer as R3,5 miljard wees. Opleiding is een van die primêre fokusareas van die Beweging en is bykans R1 miljard van bogenoemde mobilisering sal oor die volgende vyf jaar vir die opleidings-inisiatiewe van die Beweging aangewend word. Op die oog af is dit baie kapitaal, maar wanneer dit vergelyk word met ons ledetal, is dit maar ongeveer R1 500 per lid in 2015 en R2 000 per lid in 2020.

Die Solidariteit Beweging maak deur die gemeenskap se bydraes sy eie reën, die reën word strome en die strome riviere. Deur instellings word hierdie riviere van kapitaal effektief en doelmatig gebruik om volhoubare oplossings in plek te sit. Duisende tienrande van lede en ondersteuners in die gemeenskap het bygedra dat daar reeds honderde miljoene vir hierdie plan gemobiliseer is; oor die volgende vyf jaar word die honderde miljoene ’n paar miljard. Met hierdie fondse bou ons aan ’n volhoubare oplossing waardeur die gemeenskap vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika kan voortleef. Dit is ’n reusetaak en, wanneer dit in ag geneem word, kan ons nie wag nie en moet daar gepoog word om selfs meer kapitaal te mobiliseer.